

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Speedy (444/83) [1985] ZASCA 1; [1985] 2 All SA 112 (A) (12 March 1985) [1985] ZASCA 1

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Kotzé, Joubert, Botha, Hefer, Eloff

CASE / FILE NUMBER

444/83

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

SAAK NO 444/83

GILBERT SPEEDY.APPELLANT

en

DIE STAATRESPONDENT

J J F HEFER, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPeLAFDELING

In die saak tussen

GILBERT SPEEDY Appellant

DIE STAAT Respondent

CORAM : KOTZÉ, JOUBERT, BOTHA, HEFER, ARR, et ELOFF, Wrn AR,

AANGEHOOR : 1 Maart 1985

GELEWER: 12 Maart 1985

HEFER, AR :

UITSPRAAK

Appellant en sy vader is beesboere op Zoetvlei

in

2.

in die Vryburg-distrik. Vir meer as 23 jaar het hulle 'n doring in die vlees gehad - hulle buurman, Scholtz, se klompie skape en boerbokke. Of die naam van die plaas iets daarmee te doen gehad het, weet ek nie maar om een of ander rede kon niks hulle weghou van Zoetvlei se weivelde nie - nie Scholtz se veewagter nie en allermens die grensdraad tussen dié twee plase. En Scholtz het volstrek geweier om dié draad te help verbeter en so sy diere tuis te hou. Hulle kon eerder geskut word; wat tweemaal gebeur het totdat die skut so ver verskuif is, dat dit nie lonend was om hulle soontoe te jaag nie. Praat het ook nie gehelp nie. Telkens wanneer Scholtz aangespreek is oor sy halsstarrige vee was hy vol verskonings en beloftes. Sy vee sou

3.

sou hy verkoop, het hy gesê, maar daarvan het niks gekom nie; hulle het gebly en hulle strooptogte op Zoetvlei het voortgeduur. Ten einde raad het appellant se vader op 'n keer twee van Scholtz se skape laat slag en het appellant hom gewaarsku dat die "boete" by 'n volgende oortreding vier stuks vee sou wees. Vir 'n rukkie het hierdie eieregtigheid die gewenste uitwerking gehad. Dog dit was van korte duur

So het sake dan jaar na jaar verloop, Appellant en sy vader het gekla en Scholtz het belowe maar niks het verder gebeur nie. Tot 2 Oktober 1982. Daardie dag is 108 bokke weer deur die draad. Appellant het op hulle afgekom. En hy is 'n man van sy woord. Gedagtig

aan.....4

4.

aan sy vorige waarskuwing het hy vier van sy werknemers aangese om elkeen 'n bok te slag en die vleis te neem. Geen plaaswerker sou hom tweemaal laat nooi nie; appellant se werkslui ook nie.

Tevrede was Scholtz ongelukkig nie. Die polisie is verwittig en die gevolg was dat appellant en die betrokke vier werknemers in die landdroshof verskyn het op 'n aanklag van diefstal van vier bokke. Sy werknemers is vrygespreek maar appellant is skuldig bevind. Sy appèl na die Noord-Kaapse Afdeling is verwerp (met 'n meerderheidsbeslissing) en met verlof van daardie Afdeling kom hy nou in hoër beroep teen die skuldigbevinding. In sy pleitverduideliking in die landdros-

hof.....5

5.

hof het appellant se advokaat te kenne gegee dat die verweer was dat "daar was 'n afwesigheid van animus furandi". Dit was deurentyd die enigste geskilpunt. Appellant het getuig dat hy nie bedoel het om enige misdaad te pleeg nie, in die lig van die vorige gebeure, vas geglo het dat hy geregtig was om die bokke te laat slag. Wat verder gebeur het na sy waarskuwing aan Scholtz dat van sy veeweer geslag sou word indien hulle weer oortree, het hy soos volg beskryf:

"And what did he say? He said

I cannot do that.

Yes, and carry on with what you then

said? I said Mr Scholtz the choice

is yours. If you keep your stock off our property we will not do that. And if your stock comes on our property? Then we will do that.

And 6

6.

And did the conversation then end?

I told Mr Scholtz, I reminded

him of an incident when one of his herders had previously told me that he had instructions to let stock graze on Zoetvlei. I reminded him of this and said that with regard to that I am going to regard it as a deliberate trespass."

Daar was dus 'n duidelike verstandhouding tussen hom en Scholtz, so het hy getuig, betreffende wat sou gebeur in-dien die vee weer oortree en hy was vas van voorneme om sy dreigement uit te voer anders "for ever and ever Mr Scholtz would have the run of our property". Gevra in kruisverhoor of hy werklik geglo het dat so 'n verstandhouding sy optrede kon regverdig, was sy antwoord:

"when a man has been told asked and begged time after time and already

had 7

7.

had an example I imagined it was alright."

Sy doel met die slag van die bokke was om dit vir eens en vir altyd by Scholtz tuis te bring "that I took this seriously and I wanted his stock to be kept off my property". Dit kom my heel duidelik voor dat die werklike basis van die verweer was dat appellant onbewus was van die wederregtelikheid van sy optrede en, intendeel, geglo het in die regmatigheid daarvan. Dit was dan ook die basis waarop die appèl in hierdie Hof beredeneer is. Die Staat se advokaat het, in die lig van beslissings soos dié in *S v De Blom* 1977(3) S A 513 (A D) op p 532 en *S v Potwane* 1983(1) S A 868 (A D) op p 871, aanvaar dat die skul-

digbevinding 8

8.

digbevinding nie geregverdig kan word nie indien 'n redelike moontlikheid bestaan dat die appellant geglo het dat sy optrede regmatig was. Sy hele betoog was daarop toegespits om die Hof te oortuig dat so 'n moontlikheid nie bestaan nie.

'n Wesenlike probleem wat die Staat in die

gesig staar is egter die feit dat dié landdros geen nadelige geloofwaardigheidsbevinding teen appellant gemaak het nie.

Aanvanklik het hy blykbaar nie besef wat dié verweer werk-

lik behels het nie; sy volledig genotuleerde mondelinge uitspraak bevat geen verwysing na appellant se beweerde geloof in dié regmatigheid van sy optrede nie en eers toe die betrokke punt pertinent geopper is in die kennisgewing van.....9

9.

appèl, het hy daarmee gehandel. Maar hoewel diemondelinge uitspraak geen geloofwaardigheidsbevinding bevat nie, is dit insiggewend dat die landdros deurgaansdaarin gesteun het op appellant en sy vader se getuienisoor die gebeure van die verlede. Nêrens is daar 'n sweemvan twyfel te bespeur oor hulle geloofwaardigheid nie. Enook nie in die skriftelike redes vir die skuldigbevindingwat ingehandig is nadat die appèl genoteer is nie. Daarinverskyn wel 'n bevinding dat appellant

"goed geweet(het) wat hy be-oog,nie gedoen mag word nie en hy hetwat die hof aanbetref mala fide op-getree."

Maar dit blyk heel duidelik uit die res van die redes dat hierdie bevinding nie gebaseer is op die verwerping van appellant 10

10.

appellant se getuienis nie, maar op 'n vorige bevinding dat Scholtz nooit toegestem het dat sy bokke geslag word nie (wat in elk geval gemene saak was). Die landdros se redenasie was eenvoudig dat appellant geweet het dat wat hy be-oog het, nie gedoen mag word nie omdat hy geweet het dat Scholtz nie toegestem het nie; daarom het hy "mala fide" opgetree. (Soos in sy mondelinge uitspraak waarin die afwesigheid van toestenuning ook 'n deurslaggewende rol gespeel het, het die landdros uit die oog verloor dat dit groten-deels nie ter sake was nie; appellant se saak was juis dat hy geglo het dat sy optrede geoorloof was, ten spyte daarvan dat Scholtz nie toegestem het nie, op grond van

die verstandhouding waarna vroeër verwys is.)

Daarom 11

11

Daarom kan ek nie met die meerderheid van die

Hof a quo (by monde van ERASMUS W R P) saamstem dat die

landdros die appellant "klaarblyklik ook nie geglo het nie"

Indien dit die geval was, vind ek dit eienaardig dat die

landdros dit nóg in die mondelinge uitspraak nóg in die

skriftelike redes gesê het en al sy bevindings juis op ap-

pellant se getuienis gebaseer het.

Ewe-min is ek bereid om saam te stem met

die meerderheid van die Hof a quo en met die betoog van die

Staat dat appellant se beweerde geloof in elk geval so on-

redelik was, dat hy dit nooit kon gekoester het nie. Myns

insiens is die teendeel eerder die geval. In die gesprek

tydens die episode met die twee skape is Scholtz dit duidelik

aan 12

12.

aan die verstand gebring (a) dat appellant nie geglo het dat Scholtz nie self verantwoordelik was vir die oortredings van sy vee nie en (b) dat die keuse voortaan synesou wees: óf hy hou sy vee weg van Zoetvlei óf hy neem vir lief met die "boete" wat appellant sou oplê aangesien verdere oortredings as "deliberate trespass" beskou sou word. Of appellant geregtig was om Scholtz voor so 'n keuse te stel, is natuurlik 'n ander vraag raaar ek beskoudit nie as onredelik dat hy onder die indruk kon verkeer het dat hy voortaan geregtig sou wees om sy "boete" op telê nie.

Boonop is daar sterk steun te vind vir so 'n indruk in Scholtz se getuienis. Eerstens, het

hy 13

13.

hy gemeen dat appellant nie diefstal gepleeg het nie en,

tweedens, het hy getuig dat hy die lot wat sy bokke getref

het, die dag na die voorval telefonies met appellant be-

spreek het. Tydens die gesprek, het hy getuig, het appellant hom gevra "of ek onthou dat ons vroeër tyd 'n ooreenkoms gehad, 'n ou ooreenkoms waar as hy my bokke in sy veld vang, dat hy hulle kan slag". Scholtz het ontken dat daar so 'n ooreenkoms was en appellant het erken dat die vorige gesprek nie 'n ooreenkoms tot stand gebring het nie maar sy verwysing teenoor Scholtz na 'n ooreenkoms was klaarblyklik 'n verwysing na wat hy in sy getuienis 'n verstandhouding genoem het. Die feit dat hy hom teenoor Scholtz self daarop beroep het op die eerste die beste geleentheid toe daar nog 14

14

nog geen sprake was van 'n vervolging nie, is 'n sterk aanduiding dat hy inderdaad geglo het dat dit sy optrede veroorloof het. Waarom anders sou hy hom daarop beroep?

Word verder in ag geneem dat appellant

eers vir Scholtz probeer skakel het voordat hy die bokke laat slag het - waarskynlik om hom in te lig wat hy voornemens was om te doen - en dat hy daarna heeltemal openlik opgetree het en Scholtz die volgende dag ingelig het oor wat hy gedoen het (hy het Scholtz selfs gesê dat die velle van die bokke by hom op die plaas was), is die gevolgtrekking bykans onafwendbaar dat hy inderdaad geglo het dat hy niks verkeerd gedoen het nie. Op die swakste gestel, is sy optrede eerder vereenselwigbaar met so 'n geloof as met die 15

15.

die wete dat hy onwettig opgetree het.

Myns insiens het die Staat nie daarin geslaag om te bewys dat appellant bewus was van die wedertelikhed van sy daad nie.

Die appèl slaag en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.

J J F HEFER, ARKOTZé, AR.)

JOUBERT,AR.) STEM SAAM.BOTHA,AR.)

ELOFF, WRn AR.)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1985/1.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-speedy-unknown-topic-asca-1985>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria